GEMEENTE. LES 31

1	GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* LUKAS 22 - 24

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Lukas 22 - 24). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) *[CHRISTELIKE HUWELIK]* (11) JOHANNES 11:25

Repeteer twee-twee.
(11) Johannes 11:25. "EK IS die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal alle ewigheid nooit sterwe nie."

4	ONDERRIG (85 minute) *[KERK OPBOUENDE BEDIENING]* VERMENIGVULDIGING VAN CHRISTENE EN GEMEENTES

Inleiding. Hierdie onderrig gaan oor die vermenigvuldiging van Christene en christelike gemeentes (of huisgemeentes). Ons dink na oor die beginsel van geestelike vermenigvuldiging in die Bybel. Ons kyk na die vermenigvuldiging van nuwe gelowiges in Christus, dissipels van Christus, christen-arbeiders en christelike gemeente (of huisgemeentes).

A. DIE BEGINSEL VAN GEESTELIKE VERMENIGVULDIGING IN DIE BYBEL

1. Die bediening in die Ou Testament was 'n vermenigvuldigende bediening.

Inleiding. Geestelike vermenigvuldiging beteken dat jy die getal van gelowiges in Jesus Christus, wat in die God van die Bybel glo en Hom gehoorsaam, vermeerder.

Ontdek en bespreek. Hoe vind geestelike vermenigvuldiging in die Ou Testament plaas?
Lees Psalm 78:3-7; Joël 1:3.
Aantekeninge. Geestelike vermenigvuldiging in die Ou Testament bestaan uit die deurgee van die kennis van God en sy wil aan die volgende drie geslagte! Van die tyd dat God Israel geroep het om sy Ou-Testamentiese volk te wees, het Hy hulle beveel om hulleself geestelik te vermenigvuldig.

(1) Psalm 78:3-7.
Psalm 78 vertel die verhaal hoe die volk van Israel die kennis van God en sy wil aan die volgende drie geslagte deurgegee het. Wat hulle van hulle pa's geleer het, het hulle aan hulle kinders en kleinkinders deurgegee. Ons lees: "Hy het aan Jakob sy voorskrifte gegee, aan Israel sy onderwysing. Hy het ons voorvaders (1ste generasie) beveel om dit aan hulle kinders (2de generasie) bekend te maak, sodat die volgende geslag (3de generasie) dit kan weet en die kinders wat nog gebore sal word (4de generasie), dit weer aan húlle kinders kan vertel. So sal hulle dan op God vertrou en nie vergeet wat Hy gedoen het nie, maar gehoorsaam wees aan wat Hy beveel het". God het aan die voorvaders die verantwoordelikheid gegee om die kennis van God, sy roemryke dade en sy gebooie, deur te gee aan die volgende drie generasies: hulle eie kinders, hulle kleinkinders en hulle agterkleinkinders! Op hierdie manier sou elke generasie in Israel die geleentheid kry om God, sy roemryke dade en sy gebooie te ken en te gehoorsaam.

(2) Joël 1:3.
Die HERE het Joël (1ste generasie) beveel, "Vertel dit aan julle kinders (2de generasie), en laat hulle dit weer aan húlle kinders (3de generasie) vertel, en dié weer aan hulle nageslag (4de generasie)". Die verantwoordelikheid en taak van elke generasie gelowiges in Israel was om die kennis van God en sy wil aan die volgende drie generasies deur te gee. Dit het gebeur deurdat die oupagrootjies, oupas, pa's en die profete God se woorde en dade deurgegee het aan andere. Die kinders in elke generasie is nie net jou eie fisiese kinders nie (Deuteronomium 6:1-9), maar ook die fisiese kinders van ander mense (Psalm 78:71-72).

2. Die bediening van Jesus Christus was 'n vermenigvuldigende bediening.

(1) Jesus en evangelisasie.

Ontdek en bespreek. Hoe wou Jesus hê dat mense na Hom toe moet kom?

Aantekeninge. Jesus het sy openbare bediening ongeveer in Desember 26 n.C begin. Hy het hulle gewen deur hulle in sy lewe te betrek ("Kom saam, dan sal julle sien"), en deur betrokke te raak in hulle lewens (bv. die bruilof in Kana).

- ***Lees*** Markus 1:15; Johannes 1:39-43. Jesus het mense in sy lewe en in sy bediening betrek. Hy het na Galilea gegaan en die evangelie van God verkondig, "Die Koninkryk van God het naby gekom" en het hulle uitgedaag: "Bekeer julle en glo die evangelie"! Hy het mense uitgenooi, "Kom saam, dan sal julle sien" (hoe Ek leef) en "Volg My!" (in wat Ek in de wêreld doen).
- ***Lees*** Johannes 2:1-2. Jesus het betrokke geraak in die daaglikse lewe van mense. Byvoorbeeld, Hy het 'n bruilof in Kana bygewoon, Joodse feeste in Jerusalem bygewoon, en die gewone eredienste in die sinagoges bygewoon. Hy het in die huise van mense gekom, saam met hulle geëet, met gewone mense in die straat gepraat en met mense omgegaan in hul daaglikse lewe, byvoorbeeld vis vang en tolbelasting betaal. Gedurende hierdie periode het sy dissipels dikwels na sy onderrig geluister, maar vissers en tollenaars gebly.

(2) Jesus en opleiding.

Ontdek en bespreek. Hoe het Jesus dissipels (volgelinge en leerlinge) gemaak?

Aantekeninge. Jesus Christus het dissipels gemaak deur hulle volwasse te maak in die Christelike Geloof en deur hulle toe te rus vir hulle toekomstige taak. Na ongeveer één jaar het Jesus twaalf manne uitgekies om saam met Hom in sy bediening te wees en om hulle toe te rus (op te lei).

- ***Lees*** Matteus 4:19. "Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak."
- ***Lees*** Lukas 6:12-13; Markus 3:13-14. Hy het biddend twaalf manne uitgekies om "saam met Hom" te wees", sodat hulle sy lewe en bediening kon waarneem en navolg. Hulle het sy antwoorde op die vrae van mense gehoor, sy wonderwerke (tekens) gesien en gesien hoe mense verander en gehelp word. Dit het hulle baie diep beïnvloed!
- ***Lees*** Lukas 10:1-16. Hy het hulle opgelei deur hulle twee-twee uit te stuur om die evangelie van die koninkryk te verkondig, mense te onderrig, behoeftige mense te help en siek mense te genees. Vanaf die tyd het die dissipels Jesus voltyds gevolg.
- ***Lees*** Johannes 11:54. Gedurende die laaste twee jaar van sy openbare bediening het Jesus baie tyd alleen deurgebring met sy twaalf dissipels om hulle te onderrig en hulle toe te rus vir hulle toekomstige bediening.

(3) Jesus en sending.

Ontdek en bespreek. Waarom het Jesus sy dissipels opgelei?

Aantekeninge. Jesus Christus het sy dissipels opgelei as die eerste sendelinge in die wêreld.

- ***Lees*** Matteus 24:14. Kort voor sy dood het Jesus aan hulle gesê dat die evangelie van die koninkryk in die hele wêreld verkondig sou word.
- ***Lees*** Matteus 28:18-20; Markus 16:15; Lukas 24:44-49; Johannes 20:21; Handelinge 1:8. Na drie en 'n half jaar onderrig en opleiding (oefening), 'n voorbeeld gee aan sy dissipels in verkondiging, onderrig en genesing van siekes, is Jesus Christus gekruisig en het Hy op die derde dag uit die dood opgestaan.
- Na sy opstanding het Hy aan sy dissipels die Groot Opdrag gegee. Alle vier Evangelies het die Groot Opdrag opgeteken en toon aan dat Jesus die Groot Opdrag op verskillende geleenthede onder verskillende omstandighede gegee het. In Matteus 28:18-20 sê Hy, "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."
- ***Lees*** Handelinge 17:6-7. Hierdie klein groepie dissipels het orals heengegaan en die Romeinse wêreld onderstebo gekeer!

3. Die bediening van die Nuwe Testament is 'n vermenigvuldigende bediening.

Ontdek en bespreek. Hoe het vermenigvuldiging in die Nuwe Testament plaasgevind?

(1) Jesus het nuwe gelowiges in Christus, dissipels van Christus en Christen arbeiders vermenigvuldig.

Lees Matteus 28:19-20. Jesus Christus het geestelike vermenigvuldiging aan sy dissipels en aan alle daaropvolgende generasies van dissipels geleer! Hy het sy dissipels beveel om dissipels te maak en hulle beveel om al sy gebooie ingeslote die Groot Opdrag te gehoorsaam! Elke nuwe generasie dissipels moes dissipels maak en hulle dissipels leer om al die gebooie van Christus, ingeslote die Groot Opdrag, te gehoorsaam! Op hierdie manier het daar steeds meer nuwe generasies van gelowiges, dissipels en dissipelmakers gekom! Hy het 'n bediening onder groot groepe (die skares), klein groepe en enkelinge (Petrus) gehad.

(2) Petrus het nuwe gelowiges in Christus, dissipels van Christus, Christen arbeiders en Christen gemeentes vermenigvuldig.

Lees Handelinge 4:13. Petrus was één van Jesus se dissipels. Hy het die evangelie aan baie mense verkondig en hulle geleer om dissipels van Christus te word. Eers het hy in Jerusalem gewerk, maar daarna het hy na ander lande gereis en

nuwe gemeentes gestig, hierdie gemeentes besoek en briewe aan hulle geskrywe. Hy het ’n bediening onder groot groepe (die 3000), klein groepe (die span apostels) en enkelinge (Barnabas) gehad.

(3) Barnabas het nuwe gelowiges in Christus, dissipels van Christus, Christen arbeiders en Christen gemeentes vermenigvuldig.

Lees Handelinge 11:19-26. Barnabas het ’n dissipel van Jesus Christus geword in die bediening van Petrus. Op sy beurt het hy die evangelie aan baie mense verkondig en hulle geleer om dissipels van Christus te word. Hy het na Antiogië in Sirië gereis en die gemeente daar gehelp om te groei. Ook hy het ’n bediening onder groot groepe, klein groepe en enkelinge (Paulus) gehad.

(4) Paulus het nuwe gelowiges in Christus, dissipels van Christus, Christen arbeiders en Christen gemeentes vermenigvuldig.

Lees 1 Tessalonisense 1:5-8; 2 Timoteüs 3:10-14. Barnabas het Paulus vanuit Tarsus in Turkye gehaal en hom in sy bediening in Antiogië betrek. Op sy beurt het Paulus die evangelie aan baie mense verkondig en mense geleer om dissipels van Christus te word. Hy het minstens vier sendingsreise gemaak en het nuwe gemeentes in Asië en Europa gestig. Hy het die gemeentes besoek, nuwe leiers opgelei en hulle uitgestuur om dissipels te maak en briewe aan die gemeentes gestuur. Ook hy het ’n bediening onder groot groepe (die gemeentes), klein groepe (sy span medewerkers) en enkelinge (Timoteüs) gehad).

In 1 Tessalonisense 1:5-8 beskryf hy hoe geestelike vermenigvuldiging in Tessalonika plaasgevind het. Saam met Silas en Timoteüs het hy die evangelie in Tessalonika verkondig. Hulle het voorbeelde geword van hoe mense die evangelie met krag en oortuiging verkondig en hoe hulle as Christene onder hulle geleef het. Nou het die Christene in Tessalonika navolgers (nabootsers) van Paulus, Silas en Timoteüs geword toe hulle die Woord van God te midde van baie teenstand van hulle stadsgenote aangeneem het. Op hulle beurt het hulle voorbeelde (modelle) vir gelowiges in Masedonië en Agaje geword toe hulle die evangelie met krag en oortuiging verkondig het en as Christene onder mense geleef het. Hul geloof het oral in hierdie twee provinsies bekend geword!

(5) Timoteüs het nuwe gelowiges in Christus, dissipels van Christus, Christen arbeiders en Christen gemeentes vermenigvuldig.

Lees 2 Timoteüs 2:2. Toe hy nog ’n kind was, het Timoteüs baie van sy ouma en ma oor die geloof in Jesus Christus geleer (2 Timoteüs 1:5; 3:15). Later het Paulus hom saamgeneem op sy sendingsreise en het hy 14 jaar saam met Paulus gewerk. Hy het geleer hoe om die evangelie met krag en oortuiging te verkondig en as Christen onder mense te lewe.

Aan die end van sy lewe het Paulus Timoteüs beveel om geestelik te vermenigvuldig. “Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.” Nou was Timoteüs verantwoordelik dat die kennis van die evangelie na die volgende generasie oorvertel word! Timoteüs moes dit deurgee (oordra) aan betroubare manne wat bekwaam was om dit op hulle beurt weer aan die volgende generasie deur te gee (oor te dra).

Let op hoe vermenigvuldiging plaasvind. Jesus het Petrus betrek. Petrus het Barnabas betrek. Barnabas het Paulus betrek. Paulus (die 1ste generasie) het dit deurgegee aan die volgende drie generasies: Hy het Timoteüs (die 2de generasie) betrek. Timoteüs het dit deurgegee aan betroubare en bekwame Christene (die 3de generasie), wat op hulle beurt dit weer deurgegee het aan ander (die 4de generasie).

So het die evangelie ook tot ons vandag gekom! Nou is dit ons beurt om die evangelie met krag en oortuiging deur te gee aan die volgende drie generasies van betroubare en bekwame Christene!

4. Watter soort mense moet vermenigvuldig word.

Onderrig. Watter soort mense moet vermenigvuldig word in ons bedienings?

- Matteus 28 leer dat ons dissipels van Jesus Christus moet vermenigvuldig. Dissipels is nie maar net bekeerlinge (nuwe Christene) nie, maar volwasse, funksionerende en volhardende Christene. Hulle wandel met Christus en gehoorsaam sy bevele en onderrig in die Bybel.
- 2 Timoteüs 2 leer dat ons betroubare en bekwame Christene moet vermenigvuldig wat op hulle beurt dit weer aan ander sal deurgee.
- Psalm 78 leer dat ons gelowiges onder ons kinders, kleinkinders en agterkleinkinders moet vermenigvuldig.
- 1 Tessalonisense leer dat ons dissipels in ons eie provinsie en in die aangrensende provinsies moet vermenigvuldig.
- Matteus 24, 28 en Handelinge 1:8 leer dat ons dissipels van Jesus Christus in alle volke van die wêreld en onder alle groepe van mense daarin (bv. taxibestuurders, haarkappers, fabrieksarbeiders, skoliere, studente, asielsoekers, ens.)(Grieks: ethné) moet vermenigvuldig (vergelyk Openbaring 5:9)!

B. DIE VERMENIGVULDIGING VAN CHRISTEN-GEMEENTES

Inleiding. Geestelike vermenigvuldiging beteken om die getal van Christen gemeentes (en huisgemeentes) orals uit te brei.
Ontdek en bespreek. Hoe word nuwe Christen gemeenskappe of plaaslike gemeentes of huisgemeentes gestig?
Aantekeninge.

1. God neem die inisiatief om nuwe gemeentes te stig.

Lees Handelinge 13:1-4. Die Gees van God/Christus kan bepaalde mense in die plaaslike gemeente roep/opsy sit vir ’n spesiale taak. So het Hy vir Paulus en Barnabas die taak gegee om sendingsreise te onderneem en die evangelie te verkondig en gemeentes te vermenigvuldig in stede, provinsies en lande. Hy het byvoorbeeld die gemeente van Antiogië beveel om vir Paulus en Barnabas hiervoor vry te stel (van alle ander verpligtinge en take).

2. Die Christen arbeiders wen bekeerlinge en maak dissipels.

Lees Handelinge 13:5,13-52; Handelinge 14:1-22. Paulus en Barnabas het die evangelie en die Woord van God verkondig. Hulle het Jesus Christus, sy dood en sy opstanding verkondig. Hulle het vergewing van sondes waarvan die Wet hulle voorheen nie kon vryspreek nie, deur Jesus Christus verkondig (Handelinge 13:39). Toe hulle vervolg is, het hulle na die volgende stede gevlug en die evangelie daar verkondig. Hulle het mense aangespoor om sinlose gode (wat deur valse profete uitgedink is) te laat staan en hulle tot die lewende God (van die Bybel) te bekeer (Handelinge 14:15). Hulle het ’n groot getal volgelinge vir Jesus Christus in verskillende stede gewen. In Handelinge 14:21 lees ons dat hulle hierdie mense vir ’n hele tyd lank geestelik versterk het en hulle aangespoor het om dissipels van Jesus Christus te word.

3. Die christen arbeiders stel ouderlinge aan in die eerste plaaslike gemeentes.

Lees Handelinge 14:23.

(1) Stigters van nuwe gemeentes.

Paulus en Barnabas (die sendelinge of gemeente stigters wat die evangelie aan hulle verkondig het en hulle tot dissipels van Christus gemaak het) het die eerste ouderlinge in elke gemeente (huisgemeente) aangestel en het hulle aan die Here opgedra (d.w.s. bevestig as die raad van ouderlinge). Die woorde ‘aanstel’ en ‘opdra’ beteken nie ‘demokraties te verkies deur te stem’ of ‘deur ander predikante of biskoppe te ordineer’ nie. Die raad van ouderlinge (Grieks: presbuterion) (1 Timoteüs 4:14) is van dan af verantwoordelik om die Christen gemeente te lei. Die meeste van hierdie gemeentes het in huise bymekaar gekom en was regte huisgemeentes (Romeine 16:5)!

(2) Die ouderlinge van die nuwe gemeentes.

Die ouderlinge (Grieks: presbuteros, meervoud) was waarskynlik die mees geestelik volwasse en bekwame manne in die gemeenskap. Hulle was meesal nie voltyds betaalde arbeiders nie (1 Timoteüs 5:17).

(3) Die taak van die ouderlinge.

Die verantwoordelikhede van die ouderlinge was:

- om herders/pastors en opsieners/biskoppe van die gemeentelede te wees
- om beheerders/bestuurders en voorgangers/leiers van die gemeente aktiwiteite en besittings te wees
- om verkondigers/leraars van God se Woord in die gemeente te wees
- en dit alles soos dienare en nie soos base/here te doen nie

Die ouderlinge was direk verantwoording verskuldig aan die Here Jesus Christus (Hebreërs 13:17), die Hoof van die plaaslike gemeente en die Hoof van die wêreldwye Gemeente (Handelinge 20:17-35; Efesiërs 1:22; 1 Petrus 5:1-4).

Wie is jou leier’? Hebreërs 13:7 sê dat jou leiers (meervoud) is manne:

- wat die Woord van God aan jou verkondig/leer
- wat die Woord van God in hul eie lewe uitleef/gehoorsaam
- wat in hul geloof ’n voorbeeld gee wat jy kan navolg.

4. Die Christen arbeiders gaan aan om invloed op die nuwe Christen gemeentes uit te oefen.

Lees 1 Korintiërs 4:14-16; 1 Timoteüs 5:17.
Paulus het aangehou om die gemeentes wat hy gestig het te besoek. Ook het hy sommige van sy medewerkers na die gemeentes gestuur om hulle aan te moedig en te dien, maar nie om oor hulle te heers nie. Hy het briewe aan hierdie gemeentes geskryf wat vandag deel van die Bybel geword het (Johannes 16:13-15). Maar Paulus het nie geprobeer om al die huisgemeentes of plaaslike gemeentes in één kerkgenootskap te verander of onder één sinode te bring nie! Ook het hy hom nie met die organisasie van die plaaslike gemeente bemoei nie, behalwe dat hy duidelik geleer het wat die vereiste kwalifikasies en take van die ouderlinge moes wees. 1 Timoteüs 4:14 en 5:17 leer dat die plaaslike ouderlinge (as ’n span of raad) die gemeente moes bestuur.

5. Die Christen arbeiders gee verslag van hulle bediening.

Lees Handelinge 14:27. Toe Paulus en Barnabas hul take vervul het, het hulle teruggekeer na die gemeente wat hulle uitgestuur het en het hulle verslag gegee van wat GOD deur hulle tot stand gebring het. Hulle het nie vertel wat hulle gedoen het nie, maar wat *GOD* in genade en in krag deur hulle gedoen het. Hulle het die eer alleen aan God gegee!

C. DIE VERMENIGVULDIGING VAN CHRISTENE

Inleiding. Geestelike vermenigvuldiging beteken vermenigvuldiging van die getal dissipels van Jesus Christus en Christen arbeiders orals in die wêreld. In Matteus 9:35-38 sê Jesus dat die oes wel ryp is, maar dat daar te min arbeiders is om die oes in te bring! Volgens Jesus moet die getal Christen arbeiders in die oes vermenigvuldig word! Hoe moet hulle vermenigvuldig word?

- Volgens Matteus 9 deur gebed
- Volgens Matteus 10 deur Christen arbeiders op te lei
- en in die wêreld uit te stuur!

1. Vermenigvuldiging van nuwe gelowiges in Christus (deur evangelisasie).

Lees Johannes 4:35-38.
Ontdek en bespreek. Hoe word nuwe gelowiges (bekeerlinge) vermenigvuldig?
Aantekeninge. Die getal nuwe gelowiges (bekeerlinge) word vermenigvuldig *deur evangelisasie.* Jesus leer dat daar verskillende Christen arbeiders in evangelisasie nodig is. Hy sê, "Die één saai, die ander oes" (Johannes 4:37). Soms bestaan evangelisasie uit baie saad saai en af en toe oes.

(1) Die saaiers.

Die saaiers in Johannes 4 is natuurlik Jesus Christus Self en die Samaritaanse vrou. Jesus het die siel van die Samaritaanse vrou gewen. Toe het sy op haar beurt haar dorpsgenote vir Jesus Christus gewen. Ondertussen het Jesus met sy dissipels gepraat en gesê, "Sê julle nie: 'Nog vier maande, dan is die oes daar' nie?" Die gewone graanoes vind plaas in April. Dus Jesus het dit in Desember gesê. In Desember is die graanoes nog lank nie ryp nie! Maar die geestelike oes van mense wat in Jesus Christus gaan glo het geen seisoen nie! In hierdie geval was daar byna geen tyd tussen saai (van die evangelie) en oes (van nuwe gelowiges vir die ewige lewe onder die Samaritane) nie! Jesus het die lang stoet Samaritane gesien wat uit die dorp oor die landerye na die put waar Jesus was, gestap het. Toe sê Hy: "Maar Ek sê vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes."

(2) Die maaiers.

Die maaiers is die dissipels van Jesus. Jesus laat deurskemer dat Hy sy dissipels uitstuur om mense as nuwe gelowiges in sy koninkryk te oes. In Johannes 4:38 sê Jesus, "Ek het julle gestuur om 'n oes in te samel waaraan julle nie gearbei het nie. Ander het gearbei, en julle pluk die vrug van hulle arbeid." Sowel Jesus as die Samaritaanse vrou het onder die Samaritane gearbei: Jesus direk met die Samaritaanse vrou en die vrou met haar dorpsgenote. Nou stuur Jesus sy dissipels om die oes van nuwe gelowiges onder die Samaritane in te samel.

(3) Die een saai, die ander een maai.

Op die geestelike gebied is die volgorde meesal dat "Een persoon saai en 'n ander persoon maai." In Johannes 4:37 bevestig Jesus dit. "Hier is die gesegde waar: 'Die een saai, en die ander een maai.'" Elke arbeider in die Koninkryk van God is tegelyk 'n saaier en 'n maaier. Hy oes waar 'n ander gesaai het en 'n ander oes waar hy gesaai het. Daarom sal daar in God se verlossingsplan altyd 'n oes wees!

Sommige Christene saai hoofsaaklik. Hulle verkondig die evangelie op allerlei maniere. En ander Christene oes hoofsaaklik. Hulle help mense om Jesus Christus in hul hart en lewe aan te neem. In God se soewereine verlossingsplan is dit nie belangrik wie gesaai en wie gemaai (geoes) het nie, want daar sal altyd 'n oes wees! Die arbeiders in die koninkryk van God mag hul altyd verheug dat "hul inspanning nie tevergeefs in die Here is nie" (1 Korintiërs 15:58)! "God se Woord keer nooit onverrigter sake na Hom terug nie, maar dit sal doen wat Hy gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Hy dit gestuur het" (Jesaja 55:11)!

2. Vermenigvuldiging van dissipels van Christus (deur dissipels te maak).

Lees Matteus 28:20; 1 Korintiërs 3:5-11; Efesiërs 4:11-16.
Ontdek en bespreek. Hoe word dissipels vermenigvuldig?
Aantekeninge. Die getal van dissipels van Jesus Christus word vermenigvuldig deur dissipels te maak. Nuwe gelowiges in Jesus Christus groei tot geestelike volwassenheid deur die woorde en gebooie van Jesus Christus te gehoorsaam.

(1) Die Arbeider en sy medearbeiders.

Die apostel Paulus leer dat daar verskillende soorte arbeiders in God se koninkryk is: God stel sommige arbeiders aan om die saad van die evangelie te plant, d.w.s. te evangeliseer. En Hy stel ander arbeiders aan om die plantjies te begiet en te versorg, d.w.s. om hulle tot dissipels (volwasse, funksionerende en volhardende Christene) te maak. Maar in al hierdie verskillende take is dit net God wat die take aanwys en net God wat die plantjies laat groei tot dissipels! Daarom is God alleen die Arbeider en is Christene alleen sy medearbeiders. God gee die nuwe lewe deur wedergeboorte. God laat nuwe Christene groei deur die inwonende Heilige Gees en die sorg van ander Christene. En God wys die verskillende take aan Christene toe.

(2) Die arbeiders wat die Fondament lê en die arbeiders wat daarop verder bou.

Alhoewel die Christene alleen God se medearbeiders is, het hulle nie almal dieselfde taak nie. Sommige arbeiders word aangewys om die Fondament (Jesus Christus) te lê. Hulle verkondig die evangelie deur te saai of te oes. Ander

Christene word aangewys om op hierdie Fondament verder te bou. Hulle maak hierdie jong Christene tot volwasse, funksionerende en volhardende Christene (dissipels). Hulle help hierdie nuwe Christene om ’n aanhoudende persoonlike verhouding met Jesus Christus te hê, gesonde geloofsoortuigings uit die Bybel te ontwikkel, in hul karakter steeds meer en meer gelykvormig aan Christus te word en Christus te dien.

3. Vermenigvuldiging van Christen arbeiders (deur toerusting).

Lees Efesiërs 4:11-12.
Ontdek en bespreek. Hoe word Christen arbeiders vermenigvuldig?
Aantekeninge. Die getal van Christen arbeiders word vermenigvuldig *deur dissipels van Jesus Christus toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die wêreldwye liggaam van Christus.* Paulus leer dat Christus aan bepaalde Christene in de gemeente spesifieke genadegawes (geestesgawes)(m.n. apostels, profete, evangeliste, herders, leraars) gee om die ander Christene in die gemeente toe te rus vir een of ander diensverlening in die gemeente en so ’n aandeel te hê in die opbou van die wêreldwye Gemeente van Jesus Christus. Hulle rus bepaalde Christene toe in evangelisasie, in dissipels maak, of in prediking of pastorale sorg, ens. of hulle rus ’n paar Christene toe om ander toe te rus. Elke stad sou één toeruster moet hê.

In elke gemeente hoort ’n groot verskeidenheid verskillende bedieninge te wees. Behalwe bogenoemde bedieninge (evangelisasie, dissipels maak, toerusting van arbeiders): bedieninge wat gerig is op kinders, op jeug, op siekes, armes, verdruktes, vervolgdes, bedieninge rondom organisasie en administrasie in die gemeente, bedieninge wat gerig is op invloed in die gemeenskap en sendingwerk in die wêreld.

Wat belangrik is, is dat die ouderlinge die verantwoordelikheid het om toe te sien dat die gemeentelede onder hul toesig almal dissipels van Jesus Christus word, dat hulle almal volwasse, funksionerende en volhardende Christene word en dat hulle toegerus word vir een of ander taak in die gemeente (huisgemeente), in die gemeenskap (buurt of wyk) en in die wêreld.

D. DIE ESSENSIE VAN ‘N DISSIPELMAKENDE BEDIENING

1. ’n Disspelmakende bediening vermenigvuldig die aantal dissipels van Christus en die aantal Christen arbeiders.

Onderrig.

Die essensie van ’n dissipelmakende bediening
is om dissipels te maak
wat op hulle beurt nuwe dissipels maak!
Dit is om dissipels en arbeiders (dissipelmakers) te ontwikkel
en te reproduseer (vermenigvuldig)!

Dit vermeerde (vermenigvuldig):

- die aantal nuwe gelowiges in Jesus Christus
- die aantal nuwe dissipels van Jesus Christus
- die aantal arbeiders vir Jesus Christus (dissipelmakers en toerusters)
- en uiteindelik ook die aantal nuwe Christen gemeentes (huisgemeentes)!

Waarom is vermenigvuldiging so belangrik? In Matteus 9:36-38 sê Jesus, “Toe Jesus die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie ’n wagter het nie. Hy sê toe vir sy dissipels, “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeider uit te stuur vir sy oes’.”

2. n Dissipelmakende bediening word ’n beweging.

Onderrig. ’n Bediening wat nuwe gelowiges in Jesus Christus, nuwe dissipels van Jesus Christus en nuwe Christen arbeiders vermenigvuldig, word ’n beweging! Hierdie beweging sal gesinne, families, gemeentes en huisgemeentes, op die werkplek, in ander gemeentes, in ander groepe mense in die gemeenskap, na ander stede en ander provinsies versprei! En uiteindelik ook na ander lande, ander kulture en onder ander godsdienste!

Jesus Christus beveel, “Gaan dan na alle nasies toe en maak die mense My dissipels.” En aan Jesus Christus word alle mag in hemel en op aarde gegee en Hy beloof om elke dag by Christene te wees wat hulle aan hierdie opdrag toewy. Daarom kan hierdie opdrag ook uitgevoer word! Jesus Christus roep die wêreldwye Kerk om geestelik te vermenigvuldig in elke land van die wêreld. Met die genade van Jesus Christus sal hulle dit ook doen!

Die Bybel beloof nie dat dit ’n maklike opdrag sal wees nie. Baie Christene het al teenstand, onderdrukking en vervolging ondergaan vanaf die eerste koms van Christus. Nietemin is die uiteindelike oorwinning absoluut seker!

- Dit is ook die boodskap van die brief aan die Romeine: “Ons is meer as oorwinnaars deur Jesus Christus wat ons liefhet” (***lees*** Romeine 8:28-39).
- Dit is ook die boodskap van die boek Openbaring. “Hulle (die konings van die wêreld saam met die godsdienstige profete) sal teen die Lam oorlog voer, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, sal

hulle oorwin, omdat Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is" (***lees*** Openbaring 17:14 en Openbaring 19:11-21)!

-

5	GEBED (8 minute) *[REAKSIES]* GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute) *[OPDRAGTE]* VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor "Vermenigvuldiging van Christene en gemeentes" saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Titus 1 – 3. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer (12) Johannes 12:32. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 14. Gebruik van die vyf stappe metode.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.